

30 April

Johannes 12:20-26, (Teks: 12:24)

Die les van die koringkorrel

Is dit nie die probleem van ons tyd nie? Die moderne mens - ook ons - wil niks weet van hierdie "koringkorrelbestaanswyse" nie. Lyde, vernedering en swaarkry is onaanvaarbaar. Solank jy sukses, voorspoed en vooruitgang beleef, stel almal in jou belang. Almal wil wen en met 'n wenner assosieer. Maar as jy eers soos die koringkorrel swaarkry, soos 'n verloorder ondergaan, draai mense hulle weg van jou. Hulle wil nie betrokke raak nie, want dit herinner hulle ook aan hulle eie broosheid

Tog is die "koringkorrelbestaanswyse" noodsaaklik! Sonder die proses van afsterwing kan die koringkorrel nie sy volle potensiaal bereik nie. Eers moet ons soos 'n koringkorrel val en sterf. Nie net liggaamlik nie, maar ook geestelik - onself, ons selfgerigte ideale, lewensuitkyk planne en die realisering daarvan. Dit is so pynlik! Nog 'n teleurstelling, nog 'n skok, nog hartseer, nog onverwerkte emosies en ongelukkigheid.... En tog kom ons so tot volle ontplooiing en groei.

Pasop! Daar wag 'n groot ontnugtering vir dié een wat net aan hom-/haarself en sy/haar eie planne vashou as sekuriteit in hierdie lewe en nie bereid is om soos 'n koringkorrel om in homself te sterf nie. As eensame en onvervulde mens sal hy/sy eendag sterwe. Maar as jy werklik in jouself sterf, dan word jou lewe vol - selfs al kry jy swaar. Jy groei in geloofskrag en kom so tot ware selfverwesenliking, tot 'n nuwe lewe van groet en diens. Dan staan jy nooit as eensame op jou eie hopenie, maar word jy omring deur mede-koringkorrels wat deur die les van die koringkorrel na Christus getrek is. Eers sterwe, dan groei! Ervaar jy dit so?

Sing: Psalm 92:6,7

Ds. S.F.F van der Walt (Queenstown)